

12 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11

Jesus ondersteun jou met sy almag!

Die roepingstoneel van die eerste dissipels open met die Woord wat sentraal staan. Jesus is besig om die rykdomme van die hemelse koninkryk te bedien aan 'n skare mense op die oewer van die See van Galilea. Ten einde die skare meer effektief toe te spreek, maak Jesus van Simon se visserskuit 'n preekskuit.

Hierná volg 'n gebeurtenis wat deurdrenk is van simboliek. Net omdat die Here daartoe opdrag gegee het, is Simon bereid om na die diep water toe uit te vaar en sy nette opnuut uit te gooi. En dan die verrassing. Teen die reëls van logika in vang hulle soveel visse dat die nette dreig om te skeur! Simon Petrus is deur hierdie Messiaanse magdaad só aangegryp dat hy by Jesus se knieë neerval en uitroep: "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens!" Natuurlik bedoel Petrus nie werklik dat Jesus van hom af moet weggaan nie. Hy gee slegs uiting aan die oorweldigende gewaarwording van sy eie sondigheid hier in die teenwoordigheid van die sondelose Jesus. Dan volg die gerusstellende opmerking van Jesus wat tegelyk baie lig werp op die simboliek van die wonderlike visvangs: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang".

Simon en elke gehoorsame volgeling van Jesus mag weet: Jesus gee geen opdrag sonder om dit ook met sy almag te ondersteun nie. Selfs wanneer menslike logika daarteen skreeu, moet die kerk nie huiwer om in gehoorsaamheid aan die Here na die "diep water" toe uit te vaar en die net van die Woord uit te gooi nie. Die Here weet waar sy uitverkorenes is, en deur die Woord en Gees vergader Hy hulle. Is dit nie vir jou aangrypend dat die Here ook 'n mens soos jy wil gebruik om sy Koningswoord "tot in die uithoeke van die wêreld" (Hand 1:8) te laat bedien nie? Doen jy maar net jou beskeie, gehoorsame deeltjie. Die Here wat jou uitstuur, sal sorg dat die vangs daar is.

Sing: Psalm 107:1

Ds JJ Cloete (Koster)